2. SAKE VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD
MATTERS FOR RESOLUTION BY COUNCIL

2.1 DEPARTEMENT: FINANSIES
DEPARTMENT: FINANCE

ITEM 11/03/23/2.1.1 VAN DIE NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT WAT GEHOU IS OP 23 MAART 2011

ITEM 11/03/23/2.1.1 OF THE MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY HELD ON 23 MARCH 2011

ONDERWERP:	**BEGROTING 2011/2014 (4/2/1)**
SUBJECT:	**BUDGET 2011/2014 (4/2/1)**

Die Begroting vir die finansiële boekjaar 2011/2014, is as bylaag gesirkuleer.

The Budget for the financial year 2011/2014 is circulated as annexure.

Die Uitvoerende Burgemeester hou die Begrotingsrede voor aan die Raad.

Eenparig word:

BESLUIT:

DAT DIE BEGROTING 2011/2014 GOEDGEKEUR WORD

RESOLVED:

THAT THE BUDGET 2011/2014 BE APPROVED

WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

BEGROTINGSREDE

VIR 2011 TOT 2014

BEGROTINGSREDE VAN DIE AGBARE BURGEMEESTER RAADSLID H.C. KITSHOFF. VIR LEWERING TYDENS DIE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP 23 MAART 2011, IN DIE RAADSAAL VAN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT, WAARTYDENS DIE MEDIUM TERMYN BESTEDINGSRAAMWERK EN DIE 2011 TOT 2014 BEGROTING VOOR DIE RAAD SAL DIEN.

GEAGTE MENEER DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER, RAADSLEDE, AMPTENARE, DIE MEDIA EN LEDE VAN DIE PUBLIEK.
BAIE DANKIE VIR DIE GELEENTHEID OM HIERDIE BEGROTING AAN U VOOR TE HOU. DIE BEGROTING IS WEEREENS OPGESTEL VOLGENS DIE ALGEMENE AANVAARBARE MUNISIPALE REKENKUNDIGE PRAKTYK GRAP.

DIT IS NOU REEDS DIE NEGENDE JAAR IN DIE GESKIEDENIS VAN PLAASLIKE REGERING DAT 'N BEGROTING OOR DRIE FINANSIËLE JARE OPGESTEL WORD EN ONS KAN DUS MET REG SÊ DAT ONS 'N MEDIUM TERMYN BESTEDINGSRAAMWERK HET, WAT VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VAN LANGTERMYN BEPLANNING.

DIE BEGROTINGSPROSES MOES VERSNEL WORD WEENS DIE FEIT DAT DIE MUNISIPALE VERKIESING IN MEI MAAND PLAASVIND EN DAN MOET ALLE PROSESSE IN PLEK WEES OM DIE MUNISIPALITEIT GLAD TE LAAT VERLOOP IN DIE NUWE BOEKJAAR. DIE DMA (DISTRIKBESTUURSGEBIEDE) WORD NA DIE VERKIESING AAN DIE B-MUNISIPALITEITE OORHANDIG EN VORM DUS NIE DEEL VAN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT SE BEGROTING VIR DIE NUWE BOEKJAAR NIE.

DIE BEGROTING MOES UITING GEE AAN DIE BEHOEFTES VAN DIE GEMEENSKAP SOOS DIT IN DIE RAAD SE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) REFLEKTEER.

IN HIERDIE VERBAND IS DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT VERBIND TOT DIE STREWE, OM DIE GEÏNTEGREERDE VOLHOUBARE EN BILLIKE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN SY GEBIED TE VERWESENLIK DEUR:

- GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING VIR DIE STREEK AS 'N GEHEEL TE BEVORDER
- INFRASTRUKTUURONTWIKKELING EN DIENSTE VIR DIE STREEK AS 'N GEHEEL TE BEVORDER
- DIE BILLIKE VERSPREIDING VAN HULPBRONNE TUSSEN PLAASLIKE MUNISIPALITEITE IN SY GEBIED TE BEVORDER
- DIE STREEK EKONOMIES PRO-AKTIEF TE STIMULEER
- SAMEWERKING TUSSEN ALLE ROLSPELERS TE BEVORDER.

DAAR IS WERKLIK IN DIE OPSTEL VAN HIERDIE BEGROTING GEPOOG OM OPTIMAAL BINNE DIE HUIDIGE FUNKSIONELE RAAMWERK VAN DIE DISTRIKSMUNISIPALITEIT AAN DIE BEHOEFTES VAN DIE TOTALE WESKUS-GEMEENSKAP TE VOORSIEN.

AS RAAD IS ONS OOK STATUTÊR VERBIND OM DIE GROEIENDE PROBLEEM VAN ARMOEDE DIE HOOF TE BIED EN IS DAAR BEGROOT VIR SOSIALE- EN EKONOMIESE PROGRAMME, OM ARMOEDE TE BESTRY EN EKONOMIESE GELEENTHEDE DAAR TE STEL.

DIE RAAD SE BEGROTING VIR DIE BOEKJAAR 2011 -2014:

IN VANJAAR SE BEGROTING BELOOP DIE

A. **KAPITAAL BEGROTING - R30, 810 MILJOEN** TEENOOR DIE **R61, 935 MILJOEN,** VAN VERLEDE JAAR.

DIE RAAD SE KAPITAALBEGROTING KAN AS VOLG OPGESOM WORD:

INFRASTRUKTUUR:

WATER / RIOOL	**R26,900 MILJOEN**	**89, 30 %**
GEBOUE	**R25,140 DUISEND**	**0,1 %**

ANDER:

KAPITALE UITGAWE	**R3,885 MILJOEN**	**10,60 %**

WAT INSLUIT BRANDWEER TOERUSTING, KANTOOR TOERUSTING, RADIO NETWERK, ENS.

INFRASTRUKTUUR - BATES:

1. GROOTMAAT WATERVOORSIENING

   HIER KAN ONS NOEM DAT ONS DIE BESTAANDE INFRASTRUKTUUR SO DOELTREFFEND AS MOONTLIK WIL ONDERHOU EN VERBETER. U SAL OPMERK DAT ONS AAN WATERVOORSIENING IN AL SY AFDELINGS NAAMLIK:

   (A) SUIWERING

   (B) INSTANDHOUDING VAN MASJINERIE EN PYPE EN

   (C) VOORSIENING VAN WONINGS AAN PERSONEEL WERKSAAM BY DIE AFDELING WATERVOORSIENING.

   NAGENOEG R26,9 MILJOEN GAAN SPANDEER, WAT 87,3% VAN ONS KAPITAALBEGROTING VERTEENWOORDIG.

   DIE RAAD SAL DRINGEND ADDISIONELE FONDSE MOET BEKOM, OM AAN AL DIE BEHOEFTES VAN KAPITAALUITBREIDINGS BY WATER TE VOORSIEN. DIE OPNEEM VAN LENINGS IS NIE 'N OPLOSSING NIE, WANT DIT PLAAS NET ADDISIONELE DRUK OP DIE DIENSTEBETALERS.

B. **BEDRYFSUITGAWES – R273 554 860** TEENOOR VERLEDE JAAR SE **R237 882 010,** WAT DIE INSTANDHOUDING VAN PAAIE INSLUIT.

'N BEDRAG VAN R45 MILJOEN WORD VOORSIEN VIR DIE OORDRAG VAN BATES AAN DIE B-MUNISIPALITEITE AS GEVOLG VAN DIE AFSKAFFING VAN DIE DISTRIKSBESTUURSGEBIED (DMA).

DIE BEDRYFSBEGROTING BESTAAN UIT DIE VOLGENDE:

DEPARTEMENT MUNISIPALE BESTUURDER EN RAAD

- INTERNE OUDIT, IDP, LED, STRATEGIESE BEPLANNING, KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER : **R5, 120 MILJOEN**
- RAAD : **R5, 792 MILJOEN**
- TOERISME : **R2, 188 MILJOEN**
    - TOERISME BLY EEN VAN DIE RAAD SE GROOTSTE UITDAGINGS EN DAAROM MAAK VANJAAR SE BEGROTING OOK VOORSIENING VIR SPESIALE GELEENTHEDE, SOOS DIE BYWONING VAN DIE TOERISME INDABA IN DURBAN EN DIE NAMIBIË TOERISME EXPO IN WINDHOEK.
- DIE BEHOEFTE AAN GEDEELDE DIENSTE VIR INTERNE OUDIT, REGSDIENSTE, STADS- EN STREEKBEPLANNING IS REEDS GEïDENTIFISEER EN SAL DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE DIENSTE SPESIFIEKE AANDAG GENIET.

DEPARTEMENT FINANSIES EN ADMINISTRASIE.

DIE BEGROTING VIR DIE DEPARTEMENTE IS AS VOLG:

- BYDRAES : **R3, 315 MILJOEN**
  (SLUIT IN BYDRAES AAN SLEGTE SKULDE, VERLOF EN MEDIESE FONDS)
- ADMINISTRASIE : **R9, 201 MILJOEN**
- BYDRAES / OPGRADERING VAN PLAASWERKER BEHUISING : **R900 DUISEND**
- FINANSIES : **R6, 607 MILJOEN**

- GROND EN GEBOUE : **R3,848 MILJOEN**
- BYDRAES : **R8, 206 MILJOEN**
- OPLEIDING : **R2, 021 MILJOEN**
  - OM TE VERSEKER DAT RAADSLEDE EN AMPTENARE AAN OPLEIDING BLOOTGESTEL WORD OM SODOENDE 'N EFFEKTIEWE DIENS AAN ALLE INWONERS VAN DIE STREEK TE LEWER WORD.

DIE DEPARTEMENT GEMEENSKAPSDIENSTE EN SOSIALE ONTWIKKELING

- OMGEWINGSGESONDHEID : **R16, 000 MILJOEN**
  - DIE RAAD LEWER DIE DIENS IN SY HELE STREEK DIT WIL SÊ IN DIE DMA SOWEL AS DIE VYF B-MUNISIPALITEITE.

- OPENBARE OORD (GANZEKRAAL) : **R3, 828 MILJOEN**
  - DIE RAAD IS TANS IN GESPREKKE MET CAPE NATURE OM DIE OORD AAN DIE ORGANISASIE OOR TE GEE. CAPE NATURE IS IN PROSES MET LEWENSVATBAARHEID STUDIES EN SAL ONS U OP HOOGTE HOU VAN DIE UITKOMS.

- BRANDWEERDIENSTE : **R21, 046 MILJOEN**

  - DIE DIENS IS NOU OP STANDAARD EN DAAR WORD GEPOOG OM AAN AL DIE VEREISTES VAN DIE WET (PERSONEEL/TOERUSTING) TE VOLDOEN.

  - DIE VOLGENDE BRANDWEERSTASIES IS TOEGERUS MET VOERTUIE EN TOERUSTING EN IN VOLLE BEDRYF:
    (I) MOORREESBURG
    (II) MALMESBURY
    (III) VREDENBURG
    (IV) PIKETBERG

(V) CLANWILLIAM
(VI) VREDENDAL

- RAMPBESTUUR : **R5, 074 MILJOEN**
- ONTWIKKELING : **R3, 984 MILJOEN**
  - VERSKEIE ONTWIKKELINGSPROJEKTE WORD ONDER DIE POS INGESLUIT. DIE PROJEKTE FOKUS OP DIE JEUG, VROEë KINDERONTWIKKELING, VOLWASSE LEER, VROUE EN GESTREMDES, HIV VIGS.

DEPARTEMENT TEGNIESE DIENSTE

- BEHUISING (WATERAFDELING) : **R530 DUISEND**
- WATER (GROOTMAAT) : **R74, 270 MILJOEN**
- BEPLANNING / GROOTMAAT VULLIS / PROJEKTE: **R1, 135 MILJOEN**
- PAAIE : **R55, 485 MILJOEN**
  - AGENTSKAPSDIENSTE EN DIENSTE AAN ANDER PLAASLIKE OWERHEDE/INSTELLINGS WORD GELEWER TEEN WERKLIKE KOSTE.

DEPARTEMENTE PAAIE SE UITGAWES WORD TEN VOLLE DEUR DIE PROVINSIE GEDRA EN DIE RAAD KAN SLEGS FONDSE BESTEE SOOS DEUR DIE PRINSIPAAL BEGROOT EN VOORGESKRYF.
SOOS U BEWUS IS, MAG GEEN RAADSFONDSE AANGEWEND WORD OM BOVERMELDE DIENSTE TE SUBSIDIEER NIE EN DIE RAAD SE PERSONEEL DOEN DUS ALLES IN HUL VERMOË OM DIENSTE OP STANDAARD TE HOU, MET DIE FONDSE TOT HUL BESKIKKING.

ONS FOKUS OF DIE UITBREIDING VAN GROOTMAAT DIENSTE AAN DIE B-MUNISIPALITEITE EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N ONTSOUTINGSAANLEG IN DIE SALDANHABAAI OMGEWING NEEM EERSDAAGS 'N AANVANG.

TARIEWE

- **WATER**
  - 'N GEMIDDELDE VERHOGING VAN **9%**

- **GANZEKRAAL VAKANSIEOORD.**
  - 'N GEMIDDELDE VERHOGING VAN **8, 3%**

- **WATER**
  - 6 KILOLITER WATER WORD GRATIS VERSKAF AAN ALLE EINDGEBRUIKERS VAN DIE WESKUS OMGEWING AAN WIE DIE MUNISIPALITEIT WATER VERSKAF.

DIE **PERSONEEL BEGROTING** BELOOP **26,59%** VAN DIE BEDRYFSBEGROTING WAT NOG STEEDS ONDER DIE NORM VAN **35%** IS.

DANKBETUIGINGS

MY DANK AAN DIE BESTUUR EN PERSONEEL EN ELKEEN WAT BYGEDRA HET TOT DIE DAARSTELLING VAN DIE BEGROTING.

WEES VERSEKER DIE RAAD HET DIE GROOTSTE WAARDERING VIR DIE POSITIEWE GESINDHEID WAARMEE JULLE, JUL DAGTAKE VERRIG IN HIERDIE TYE VAN VERANDERING EN UITDAGINGS.

MNR. DIE SPEAKER, LEDE VAN DIE RAAD, HIERMEE WORD DIE **2011 / 2014** BEGROTING AAN U VOORGELÊ EN VRA EK VIR VOORSTELLE VIR DIE GOEDKEURING DAARVAN.

EK DANK U